



Africa's Bowhunter het Pierre de Wet, wildboer, boogmaker en beroepsjagter, gevra om 'n plaaslik vervaardigde

karkasvervoersak met die handelsnaam Wrap-a-Buck te toets. Wrap-a-Buck word van 'n deurlugte, higieniese materiaal gemaak, is maklik hanteerbaar, en het weggooi-bare binnevoerings.

Pierre se verslag:

Die weggooi-bare binnevoerings werk baie goed in die sin dat hulle regtig absorberend is - veral vir bloed. Die voering werk omtrent soos 'n spons. Nadat die karkas, in die sak, agter op die bakkie gelaai is en omtrent 15 km ver vervoer is (30 minute) was feitlik 98 persent van die bloed en water wat met die toemaakslag saam in die sak in is, opgesuig deur die binnevoerings. Die karkasse was omtrent "droog", Die voering trek vloeistowwe weg van die vleis af.

Die sak self het horn goed gedra. Eerstens gewiggewys: die vervaardigers van Wrap-a-Buck se dat die sak 'n maksimum van 150 kilogram kan hanteer. Ons het die sak gelaai met een blouwildebeesbul (boude, blaai, nek en rugstringe) met 'n totale gewig van 117 kilogram - en hy kon dit gerieflik dra danksy die ses handvatsels wat dit vir ses mense moontlik maak om te help. Daarna het ons twee rooibokkarkasse en een blesbokkarkas, met 'n totale gewig van ongeveer 140 kilogram, gelyk gelaai, en 'n derde keer het ons 'n rooibok en 'n groot vlakvark ingestop. Die sak het weer aan alle ver-wagtinge voldoen. Let daarop dat die karkasse moet "lepel le" - maw die een se voorkant na die ander se agterkant. Dit

maak die toemaak van die sak maklik.

Geen stof was merkbaar op die karkasse selfs na 15 tot 20 kilometer se grondpad nie. Die tyd van die jaar is vliee 'n groot probleem, maar met die Wrap-a-Buck-sak was dit kinderspeletjies geen vliee het op die vleis gekom soos wat die geval is as mens 'n gewone seil gebruik nie. Hulle kon net mooi nerens inkom nie.

Met elke oopmaakslag was dit opvallend dat die vleis "droog" is, maw daar was geen los vloeistowwe wat die vleis kon laat bederf nie. Die binnevoerings het goeie werk gedoen, asook die deurlugte sakmateriaal wat die vleis laat asemhaal. Ver-al die bokant van die vleis was amper droog. Baie vatplek (die ses handvatsels) maak die sak maklik om te dra. Bloed, wat partykeer moeilik kan wees om van 'n gewone seil af te kry, het maklik afgedop as dit eers droog was. Die sak kan letterlik oor en oor gebruik word, want dit is maklik om horn met seep en water skoon te was. Die Wrap-a-Buck maak dat die karkas higienies en skoon by die slaghuis kom - net soos jy horn op die plaas gelaai het. Vir meer inligting besoek www.wrapabuck.co.za

